## 'N WOORD VOORAF

Hiermee 'n kort geskiedenis van ons gemeente. As samesteller hiervan getuig ek graag dat dit aangenaam was om in die ryke verlede te delf en vertrou ek dat hierdie bladsye mag meewerk om ons dankbaar te stem teenoor Hom wat vir ons so wonderlik voorsien het.

'n Woord van dank aan mnr. J.J.F. van Niekerk vir inligting en foto's aangaande mev. Purvis wat hy beskikbaar gestel het en ook regter W.G. Boshoff vir sy mededelings. Dankie ook aan mnr. M. Kneen en baie ander wat my vele navrae in verband met die ontstaan van die gemeente, beantwoord het en belangrike gegewens bygedra het. 'n Besondere woord van dank aan mnr. H. van der Eecken vir die pragtige foto's wat hy geneem het.

*J.P. Claasen.*

---oOo---

# HOOFSTUK I

## WORDINGSJARE VAN 'N NUWE VOORSTAD

Op 13 September 1973 was die gemeente van die Nederduitse Gereformeerde Kerk te Queenswood, 10 jaar jonk. Tog het die geskiedenis van hierdie gemeente en van die woonbuurt waarin dit geleë is, nie tien jaar vroeër, in 1963, begin nie, maar reeds in die vorige eeu.

'n Verhaal wat taamlik algemeen versprei word oor die ontstaan van Queenswood, kom daarop neer dat president Paul Kruger die grondgebied waaroor die gemeente hom tans strek, in die vorige eeu as skenking aan die Metodiste Kerk van Transvaal gegee het. Dit is egter histories nie waar nie en die ontstaan van hierdie buurt het 'n heeltemal ander verloop gehad.

Teen die einde van die vorige eeu het die Metodiste Kerk met 'n sendingaksie in Potchefstroom begin. Verskillende faktore het meegebring dat die terrein nie na wense was nie en die gedagte het ontstaan om die werk eerder na Pretoria te verskuif. Hierdie verskuiwing het op interessante wyse moontlik geword.

Tydens 'n besoek aan Potchefstroom deur ds. John Kilner, dié persoon in Engeland wat toesig oor die sendingaksie in hierdie wêrelddeel moes hou, het hy die hele aangeleentheid met die sendelinge te Potchefstroom bespreek. Hulle was Owen Watkins en George Weavind. Sake het hierna vinnig ontwikkel. Op een of ander wyse het die sendelinge te hore gekom van 'n voorgenome verkoop van ongeveer 4 000 morg grond in Pretoria. 'n Sekere persoon in die Transvaalse hoofstad het naamlik 'n bedrag van £1 000 aan die Standard Bank geskuld. Toe hy in gebreke bly om sy skuld te vereffen en dit ook geblyk het onmoontlik te wees, het die bank besluit om die grond te verkoop.

Intussen het Watkins op Potchefstroom met Kilner in Engeland in verbinding getree en gevra om die betrokke stuk grond te mag aankoop. Hy het ook versoek dat Kilner per kabel moes antwoord. Die kabel het egter nie opgedaag nie met die gevolg dat Weavind inderhaas na Pretoria vertrek het om, al het die nodige toestemming nog ontbreek, die grond vir die Metodiste Kerk aan te koop. Tot sy teleurstelling ontdek hy in Pretoria dat hy twee uur te laat was — die grond was reeds vir £1 000 verkoop.

Weavind was egter iemand met besondere ondernemingsgees. Hy tree met die bank en ook die koper in verbinding en bied aan om die grond vir £1 500 te koop. Die goeie wins en ook moontlik die gedagte dat Weavind die grond ten behoewe van 'n goeie saak wou aankoop, het die deurslag gegee.

Die nodig dokumente is opgestel en die transaksie beklink. Op 11 September 1885 vind die oordrag plaas. Hoewel Weavind slegs bedoel het om sy kerk se sendingarbeid met die aankoop te bevoordeel, het die komitee in Londen deur wie die kerklike werksaamhede geadministreer is, nie so gedink nie. Inteendeel. Weavind is vir sy moeite oor die kole gehaal. Die koop was egter afgehandel en die grond het nou aan die Wesleyan Methodist Missionary Society behoort.

Ons kry 'n goeie aanduiding van die grootte van die grond as ons in gedagte hou dat dit die huidige Hatfield, Colbyn, Queenswood, Kilner Park, die hele universiteitsplaas, Clapham High School, Môregloed, Weavind Park en ook die hele Spoorwegterrein by Koedoespoort, ingesluit het.

Weavind en Watkins het dadelik begin om die Kilnerton Institution waar Kilner Park vandag lê, op te rig. Dit was 'n skool waar nie-blankes onderrig kon ontvang en het mettertyd gegroei tot 'n opleidingskool vir onderwysers. Uiteindelik was daar op een stadium 'n getal van 2 000 leerlinge van wie 800 inwonende studente was. Soos by Fort Hare en Lovedale, het baie toonaangewende leiers van die Bantoevolkere, hul opleiding aan 'n inrigting van die Metodiste Kerk gehad. So het hoofman Phatudi, die hoofminister van Lebowa, sy opleiding aan Kilnerton Instituut ontvang.

Die aanname van Wet 47 op Bantoe-Onderwys in 1953, het meegebring dat die meeste kerke hul skole aan die regering oorgedra het. Dit het ook met hierdie inrigting gebeur en in 1960 is dit verskuif na 'n terrein 22 myl noordwes van Pretoria, anderkant Rosslyn. Dit staan vandag as Hebron Opleidingskool bekend.

Ná die verskuiwing, is die geboue van die Instituut deur Truk oorgeneem, wat dit vandag nog gebruik vir hul werksaamhede. (Truk — Transvaalse Raad vir Uitvoerende Kunste.) Die ou kerkgeboutjie is steeds sigbaar op die rantjie en word tans deur die Metodiste Kerk ingerig vir gebruik as 'n konferensiesentrum waar leraars bymekaar kan kom vir geestelike en teologiese vernuwing.

Deur die jare het die volgende sendelinge en predikante as hoofde van die inrigting opgetree: O. Watkins, G. Weavind, G. Lowe, C. Mowson, F.J. Briscoe, E. Carter, P. Whitehouse, W.W. Shilling, E. Bottrill, F. Cox, H.W. Rist, C.K. Storey en D.P. Dugmore. As hoofonderwyser aan die Normaalkollege van die inrigting, het o.a. opgetree H.W. Puxley en K.B. Hartshorne. Laasgenoemde is verbonde aan Bantoe-onderwys en is tans Direkteur van Onderwysbeplanning.

Mettertyd het die Metodistekerk die grond laat opsny en in verskillende woongebiede oopgestel. En so begin ook die ontwikkeling van Queenswood wat in 1954 tot woongebied geproklameer is, 'n ontwikkeling wat moontlik gemaak is deur die visie van sendeling George Weavind. Die geskiedenis het bevestig dat hy verniet berispe is oor die aankoop van die grond. 'n Baie konserwatiewe beraming toon aan dat die Metodistekerk meer as R3 miljoen



uit die verkoop van erwe en persele ontvang het. Daar bestaan dan ook 'n maatskappy wat al hierdie werksaamhede beheer. En al die geld is aangewend en bestee vir dié saak waarvoor Weavind alles feil gehad het — sendingwerk. Hy verdien waarlik dat sy naam in Weavindpark vernoem is en ook dat ons hom in herinnering sal roep.

George Weavind is in Worcester, Engeland, gebore op 13 April 1850 en nadat hy 'n tydlank as prokureursklerk gewerk het, word hy tot die bediening van die Woord toegelaat. Hiervoor het hy hom aan Richmond Kollege, Surrey, bekwaam. Na sy aanstelling vir die Vaalriviersending in Suid-Afrika, vertrek hy na Pretoria. In Pretoria stel hy vir vele ander 'n voorbeeld deur spoedig Afrikaans te leer praat. Tydens die beleg van Pretoria in die jare 1880—1881, is Weavind die tussenganger vir die Britse en Boeregeneraals. Later is hy na Potchefstroom verplaas, maar keer na 'n kort verblyf in Johannesburg, na Pretoria terug.

In 1875 tree hy in die huwelik met Jeannette Wilhelmina van Boeschoten, wie se broers Cornelis en Johannes bekende persoonlikhede in die Republiek was. Johannes was ook by geleentheid burgemeester van Pretoria. George Weavind was die Republiek baie goedgesind en toe die Tweede Vryheidsoorlog uitbreek, het sy twee seuns, nog jong penkoppe, Cornelis en Thomas, by die ambulansdiens aangesluit. Hier het hulle waardevolle diens gelewer.

Die twee broers het hul skoolopleiding aan die ou Transvaalse Gimnasium gehad — in Van der Waltstraat en tans 'n historiese gedenkwaardigheid. Later het hulle ook in Kingswoodskool in Bath, Engeland, gestudeer. Vanweë die feit dat hul moeder van Nederlandse afkoms was, het hulle ook 'n tydlank in Nederland studeer. Terug in Suid-Afrika, het die twee broers as prokureursklerke in Johannesburg ingeskryf en in 1905 die bekende Pretoriase prokureursfirma Weavind & Weavind, gestig. Hul vader is oorlede op 21 Mei 1916 en 'n gedenkplaat ter herinnering aan hom is vandag te sien in die Metodistekerk op die hoek van Visagie- en Andriesstraat. Daarop word hulde aan die oorledene gebring vir "forty years of faithful service." Kort, kragtig en waar.

Wie vandag in die strate van Queenswood en Kilnerpark stap, word omring met verskillende name wat van groot historiese betekenis is. Queenswood het sy naam gekry vanweë die feit dat daar ook 'n Kingswood is — die skool waar die Weavindbroers in Engeland gestudeer het. Kilnerpark sou aanvanklik Koedoepark genoem word, maar daarteen het beswaar ingekom. Dit is toe na ds. Kilner vernoem vir wie ons reeds in die stigtingsgeskiedenis ontmoet het. Wesleyweg is natuurlik vernoem na John Wesley, die stigter van die Metodistekerk in Engeland, en Epworthweg na sy geboorteplek. Interessant is Mearaweg, vernoem na William Meara. Hierdie leraar was 'n ler en was nooit getroud nie. Blykbaar het hy net twee liefdes in sy lewe gehad — sy roeping en sy rugby. Voordat hy na Suid-Afrika gekom het, het hy gereeld in

Ierland die spel gespeel en volgens sommige het hy ook as voorspeler toetsrugby vir Ierland gespeel.

Hoewel Broadbentstraat wat suid van Soutpansbergweg oor Cobhamweg tot in Woodlandsrylaan loop, kort is, het dit tog 'n lang geskiedenis. Ons bring slegs enkele aspekte daarvan na vore. Die straat is vernoem na Samuel Broadbent, 'n sendeling van die Metodistekerk, wat in 1794 in Engeland gebore is. Hy kom in die Kaap aan en ontvang opdrag om 'n sendingstasie in Tswanaland te probeer stig. Op sy reis, beseer hy homself inwendig wanneer hy die ossewa teen 'n steilte probeer vashou. Hy moet noodgedwonge verdere behandeling ontvang en gaan soek mediese hulp in Graaff-Reinet. Hier word aan hom onderdak gebied deur ds. Abraham Faure van die Nederduitse Gereformeerde Kerk en hy word as gas byna ses maande lank gratis verpleeg totdat hy weer herstel.

Na sy herstel, gaan Broadbent weer verder en word vergesel deur eerw. Thomas Hodgson. Aan die einde van 1822 word Broadbent die eerste sendeling om die Vaalrivier oor te steek wanneer hy en Hodgson vlotte vir hul oortog gebruik. Hy en Hodgson rig 'n sendingstasie op naby die huidige Makwassie. Hier leer hulle die Tswana van God, lig hulle voor ten opsigte van boerdery en putgrawery vir water en vertaal Broadbent die Onse Vader in Tswana. In 1823 word 'n seun vir hom en sy eggenote gebore. Hierdie seun Lewis is waarskynlik die eerste blanke kind wat in die Transvaal gebore is. Hy het later sendingwerk in Indië gaan doen. Broadbent het self egter in 1825 na Engeland teruggekeer waar hy na 'n geseënde bediening oorlede is. Die plek van die sendingstasie waar die seun gebore is, is vandag 'n historiese gedenkwaardigheid en word gevind op die plaas Leeuwfontein, naby Wolmaransstad.

Behalwe die name wat ons reeds genoem het en wat in Queenswood in die straatname voortleef, is daar ook 'n aantal ander noemenswaardiges. Die volgende strate is almal na predikante of sendelinge vernoem: Webbweg na dr. J.B. Webb, voorheen moderator van die Metodistekerk; Dunstan, Eva en Garrett. Ds. Garrett leef nog in Kaapstad en vir diegene wat dalk nie weet nie, is Garrettstraat die straat waarin Queenswood se kerkgebou geleë is. Howard Kirkby was leraar en sy seun is ook vandag predikant, terwyl Herbert Rist nog leef en in die Transkei woon. R. Bellis woon vandag nog as afgetrede predikant in Kaapstad. Ook Walton, Wallace, Wilkinson, Freeland en Cowgill was leraars.

Puxley was 'n leerkrag te Kilnerton, Matterson die hoof van 'n ander onderwysinrigting, Kearnsey College. Slater, Rich en Gain was eweneens aan 'n onderwysinrigting verbonde, en wel dié van Kingswood, Grahamstad. Bekende lidmate van die Metodistekerk is ook vernoem: Caley, Stead, Rayner en Owen. Ook die stadsbeplanners wat 'n aandeel in die uitleg van Queenswood gehad het, se name leef voort: Fontana, Cobham, Angelo en Whittle. Corrystraat is vernoem na Cornelius, die seun van ds. Weavind, en Watersonstraat na Waterson Kneen wie se vader, mnr. Marcus Kneen, vandag nog lid van die prokureursfirma is. Dormer was eweneens by hierdie firma werksaam. Maar ook die dames is vernoem: Eileen — die eggenote van ds. R. Bellis; Mercia — 'n dogter van mnr. Marcus Kneen; terwyl Sheila, Patricia en Margaret die name van drie damesklerke van die prokureursfirma verteenwoordig.



So sien ons dat die woongebied waar die gemeente van Queenswood tot stand sou kom, ryk aan historiese herinnerings is. Dit pas ons om dit nooit te vergeet nie.

---oOo---

## HOOFSTUK II

## QUEENSWOODGEMEENTE NEEM VORM AAN

En so het 'n nuwe voorstad ontwikkel waar enkele jare later ook 'n nuwe gemeente tot stand sou kom. Vele vrae kom in hierdie verband na vore: Hoe het dit gebeur dat daar tot die stigting van die gemeente oorgegaan is? Hoekom word die kerksaal die George Purvissaal genoem? Hierdie en dergelike vrae sal beantwoord word wanneer die ontwikkelingsgeskiedenis van ons gemeente nagegaan word.

Reeds lank voor die totstandkoming van die gemeente, vind ons dat Queenswood verteenwoordiging geniet op die Kerkraad van Hartbeesspruit. Hartbeesspruit is die moedergemeente waaruit Queenswood later sou afstig. Self het Hartbeesspruit tot stand gekom op 17 April 1947. Dit lê suid van die rantjie aan die suidekant van Queenswood en behels onder meer Colbyn en Hatfield en strek stadwaarts tot net duskant die gronde van die Staatspresident.

Tot op 16 Augustus 1956 het Queenswood slegs uit een wyk van Hartbeesspruitgemeente bestaan, nl. wyk 14, maar op voorstel van oudl. "Bokkie" Burger van Queenswood, besluit die Kerkraad om die gebied van Queenswood te verdeel. 'n Tweede ouderling sou nou vir Queenswood gekies word. Op hierdie vergadering word mnr. J.I.J. Stimie tot diaken vir Queenswood gekies. Die Kerkraad neem ook by dieselfde geleentheid kennis van die aankoop van erwe in Queenswood ten bedrae van R4 000.

Spoedig word meer wyke vir Queenswood nodig. Telkemale word kennis geneem van die uitbreiding in Queenswood en besluit om nuwe kerkraadslede hiervoor te kies. Ander bekende name verskyn in hierdie tyd op die notules: N. Jacobs as diaken, terwyl ons huidige voorsitter van die ouderlinge, J.J. Swart, op 22 Aug. 1957 ook die notule onderteken. In Maart 1958 word C.J. Els tot ouderling vir Queenswood gekies en J.J. Swart jnr. as diaken (die seun van ouderling Swart). In April 1959 het die wyke van Queenswood al tot 9 uitgebrei.

En reeds in hierdie dae begin Queenswood al woel. So gee die Kerkraad toestemming aan oudl. Els dat drie wyke van Queenswood op 20 Maart 1959 'n musiekaand kan hou ter stywing van die kerkboufonds van die gemeente.

Op 23 April 1959 maak oudl. "Blits" Van Schalkwyk melding van die behoefte aan 'n saal in Queenswood, veral vanweë die groei van die Sondagskool aldaar. Die saak word na die boukomitee vir ondersoek verwys. Teen November ontvang die Kerkraad 'n verslag waarin die aandag gevestig word op die waarskynlikheid van afstigting van Queenswood binne afsienbare tyd. Drie maande later besluit die Kerkraad met algemene stemme dat 'n kerksaal in Queenswood opgerig sal word en dat Moerdyk en Watson as argitekte benoem sal word. Die volgende maand word bepaal dat die beoogde kerksaal vir Queenswood 300 sitplekke sal hê. 'n Komitee word ook benoem om mettertyd in te gaan op 'n gepaste naam vir hierdie saal.

Queenswood se mense raak nou haastig. Terwyl die Kerkraad nog nie finaliteit oor die kerkbou vir Hartbeesspruit verkry het nie, verneem ons in April 1960 dat opdrag al gegee is om die werkstekeninge vir die Queenswoodse saal op te stel en ook tenders aan te vra. 'n Interessante en belangrike opmerking word gemaak aangaande die verslae oor huisbesoek wat in die kerkraadsvergadering dien, nl. dat dit blyk dat "die kerkbesoek van gemeentelede in Queenswood swak is dog die gesindheid teenoor die kerk is goed." Heelwaarskynlik het die gebrek aan 'n bymekaarkomplek in die Queenswoodgebied hiermee iets te make gehad want ons het vasgestel dat lidmate die eredienste wel in ander gemeentes soos Villieria e.a., besoek het, en nie slegs in Hartbeesspruit nie.



*Kapt. George Purvis*

Intussen het die Here wonderlik voorsien in die behoefte aan 'n kerkplek. Die Kerkraad van Hartbeesspruit neem op 19 Mei 1960 met groot dank en hoë waardering kennis van 'n aanbod van mevrou Purvis om 'n bedrag tot 'n maksimum van R20 000 beskikbaar te stel vir die bou van die saal in Queenswood, onderworpe aan sekere voorwaardes. Haar gulle aanbod word eenparig aangeneem asook die aanbeveling van die betrokke komitee dat die saal bekend sal staan as die "George Purvis Gedenksaal". Ouderling Swart van Queenswood spreek 'n woord van besondere waardering teenoor ds. De Vries vir die liefdevolle wyse waarop hy die gesin Purvis oor 'n lang tydperk bedien het en beskou die skenking as die direkte vrug op die arbeid van ds. De Vries.

Die volgende vergadering behandel die beramings ten opsigte van die bouprojekte. Die nuwe kerksaal te Queenswood sal hiervolgens ongeveer R28 000 kos en die kerk vir Hartbeesspruit R68 000. Sommige kerkraadslede meen dat die koste van die kerkgebou te hoog sal wees. Die bedrae het nie voorsiening gemaak vir die banke of stoele wat ook aangekoop sou moes word nie. Die skenking deur mevrou Purvis van R20 000 is egter intussen bevestig en sy het ook haar ingenomendheid met die bouplanne vir die kerksaal in Queenswood uitgespreek. Daar is ook met haar ooreengekom dat sy die hoeksteen van die George Purvisgedenksaal sal lê.

Wie was mevrou Purvis wat hierdie pragtige skenking gedoen het? Martha Elizabeth Maria Fourie is op 25 Junie 1883 in Standerton gebore. 'n Groot gedeelte van haar kinderjare moes sy saam met haar ouers op die trekpad deurbring. Vir lang tydperke was die ossewa haar huis, haar skool en ook haar kerkgebou. Haar ouers was van die pioniers van Rhodesië en sy het dan self ook as jong dogter belydenis van geloof afgelê in die Nederduitse Gereformeerde gemeente te Bulawayo.

'n Huwelik wat sy met ene Bender aangegaan het, was nie suksesvol nie en het op die rotse geloop. Intussen het 'n jong skeepskaptein, John George Purvis, na Suid-Afrika gekom om hom hier te vestig. Hy is in Junie 1870 in Engeland gebore en het hier te lande met 'n ander persoon uit Brittanje, Frank Benson, bevriend geraak. Benson het met Christina Catharina Fourie in die huwelik getree. Sy was 'n suster van Martha Fourie, wat nou die van Bender gedra het. Deur sy vriendskap met Benson het kaptein Purvis vir mevrou Bender ontmoet. Spoedig het die liefde vir mekaar ontluik en die skeepskaptein en die Afrikaanse vrou tree in die huwelik.

Vir 'n aantal jare het sy dan ook saam met hom die wêreld deurreis. Mettertyd het hy egter 'n besigheid in Lourenco Marques in die skeepshandel opgebou en deur harde werk en besigheidsvernuf, spaarsin en vlyt, 'n vermoënde man geword. Die Purvis-egpaar het ongeveer 35 jaar in Lourenco Marques gewoon en die gebou waarin hy sake gedryf het, Casa Purvis, is nog steeds naby die spoorwegstasie te vinde.

Later het die egpaar na Pretoria verhuis en bykans 20 jaar hier gewoon, 'n





*Mev. M. Purvis*

tyd wat deur mevrou Purvis as die gelukkigste en mees vreugdevolle tyd van haar huwelikslewe beskrywe is. Kaptein Purvis is op 2 November 1956 in Pretoria oorlede en sy weduwee het besluit om deur middel van 'n skenking die naam van haar oorlede eggenoot te laat voortleef.


Hoewel kaptein Purvis en Benson nooit Afrikaans kon praat nie, het die twee susters hul identiteit behou met betrekking tot hul taal, politiek en kerk. Mevrou Purvis, of tant Maggie soos sy by haar vriende bekend gestaan het, het 'n ruim beurs en edel hart gehad. Die Kate Bensonbeurs aan die universiteit van Pretoria is deur haar tot stand gebring ter herinnering aan haar suster.

Die twee susters het nooit kinders gehad nie, maar mevrou Purvis was wel 'n groot liefhebber van kinders. Terwyl sy nog bo op die berg tussen Colbyn en Queenswood gewoon het in die groot wit huis wat vandag die Kanadese gesantskap huisves, het sy gesien hoe die ontwikkeling in Queenswood plaasvind. Selfs toe sy later na 'n ander woning in Colbyn en daarna na Arcadia verhuis het, het haar belangstelling in die groei van Queenswood voortgeduur. Dikwels moes van haar familielede haar per motor hierheen bring om die ontwikkeling dop te hou.

En dit was gedurende hierdie tyd dat die gedagte by haar opgekom het om 'n saal vir die jong gemeenskap te skenk. Sy was self lidmaat van Hart

beesspruit maar het altyd gewonder waarheen die kinders van Queenswood sou moes gaan vir kerkbesoek en Sondagskool. Daarom dat sy die geleentheid benut het om in hierdie behoefte te voorsien.

'n Behoorlike skenkingsakta is opgestel waarin o.a. bepaal is dat die kerksaal uitsluitlik as kerksaal gebruik sal word. Dit het ook die begunstigde vrygestaan om hierdie saal, indien so besluit sou word, enige tyd na die voltooiing daarvan, te herbou of te vergroot. Dit kon egter nie verkoop word nie maar mag by 'n afstigting aan 'n ander of nuwe gemeente van die Nederduitse Gereformeerde Kerk oorgedra word.



Intussen het die bou van die saal goeie vordering gemaak. Die bouer was mnr. J. Sigle terwyl die tenderprys wat aanvaar is, die bedrag van R25 200 beloop het. Die Kerkraad maak ook met dank melding van 'n verdere skenking van mevrou Purvis vir die boufonds van Hartbeesspruit, nl. R7 000, terwyl sy ook 'n klokkespel vir die kerk sal laat installeer. Te midde van al hierdie ontwikkelinge, neem die Kerkraad ook kennis van die groei van Queenswood en besluit om die ooreenkoms in verband met die kerksaal so te wysig dat dit voorsiening maak vir die nuwe gemeente wat uiteindelik in Queenswood afgestig sal word.

Die hoeksteenlegging van die kerksaal word nou bepaal vir 4 Maart 1961. Dit het egter die dag so baie gereën dat dit onmoontlik was om die plegtigheid



te laat plaasvind. Daarom word besluit dat die hoeksteenlegging sal saamval met die inwyding van die saal by 'n latere geleentheid. Die ingebruikneming word bepaal vir Saterdag 27 Mei 1961 terwyl 'n reëlingskomitee bestaande uit ouderlinge J.J. Swart, C.J. Els, J.P.H. van Rooyen en W.F. van Reenen in samewerking met die susters die funksie by dié geleentheid sal behartig. Die plegtige inwyding vind dan ook op hierdie datum plaas.

Die eerste openbare erediens is op 4 Junie 1961 in die saal gehou by welke geleentheid die opening van die Sondagskool onder leiding van mnr. E.C. Bosman plaasgevind het. Oudl. Van Schalkwyk vra reeds op 14 Junie op die kerkraadsvergadering dat daar vanaf Julie een diens elke Sondag in Queenswood gehou moet word. Die Kerkraad besluit na breedvoerige bespreking dat gedurende Julie 'n proefneming in dié verband gemaak sal word en dat elke Sondag om 9 vm. 'n diens in Queenswood gehou sal word. Daarna kon die saak weer bespreek word.

Dieselfde vergadering neem ook met groot dank kennis dat die volle bedrag van die skenking van mevrou Purvis, nl. R30 700 reeds van haar ontvang is. Daar word egter nie net volstaan met 'n brief van waardering nie. Drie dae voor die inwyding van die kerksaal, en wel op Woensdag, 24 Mei 1961, is reeds 'n noenmaal ter ere van mevrou Purvis vir haar aangebied. By hierdie geleentheid was 'n hele aantal kerkraadslede teenwoordig en is 'n familiebybel as blyk van waardering aan mevrou Purvis geskenk.

Intussen het Hartbeesspruit ook self met die kerkbou gevorder en in Augustus 1961 word die tender vir die bedrag van R71 900 aanvaar. Met die eredienste in die George Purvisgedenksaal het dit blykbaar goed gegaan en die proefneming het 'n permanente instelling geword. Ds. De Vries het gevolglik elke Sondag twee dienste in Hartbeesspruit waargeneem en ook nog een in Queenswood. Ongeveer twee jaar voor die afstigting van Queenswood, besluit die Kerkraad ook dat kerkraadsvergaderings voortaan om die beurt in die saal in Pretoriusstraat en in die George Purvisgedenksaal gehou sal word.

Ouderling F.C. Brink het sy klavier nou goedgunstiglik beskikbaar gestel vir gebruik in die saal te Queenswood — by geleentheid van die inwyding is 'n elektroniese orrel gehuur. 'n Saak wat ook aandag geniet, is die drooglegging van die terrein rondom die saal in Queenswood. Hierdie terrein het destyds veral baie ondergrondse water bevat en daarmee moes 'n plan gemaak word. Ook vandag syfer daar nog steeds water onder die verhoog van die saal in en is 'n outomatiese pomp op die kerkterrein geïnstalleer om die water uit te pomp wanneer dit 'n sekere vlak bereik het. Aan die begin van 1962 word met waardering kennis geneem van twee skenkings: 'n tafel wat deur oudl. F. Heymann geskenk is vir gebruik in die kerksaal te Queenswood, en 'n kateder wat deur mevrou Benson geskenk is. Gedurende Meimaand vind die hoeksteenlegging van die kerk te Hartbeesspruit ook onder blyke van groot belangstelling plaas, terwyl die inwyding geskied op 30 November van dieselfde jaar.

## HOOFSTUK III

## AFSTIGTING

Op 28 Februarie 1963 gee diaken J.H.F. Taute van Queenswood kennis dat hy die volgende voorstel by die Maartvergadering van die Kerkraad sal indien, nl. "dat die gedeelte van die N.G. gemeente van Hartbeesspruit wat tans bekend is as die woonbuurte van Queenswood en Kilnerton afstig van die gemeente Hartbeesspruit om 'n nuwe volwaardige gemeente te vorm". Sy voorstel word ondersteun deur oudl. A. Graham. Die vergadering van Maartmaand bespreek die saak breedvoerig en diaken Taute gee dit as sy oorwoë mening dat die saak nie op die lange baan geskuif moet word nie. Eindelik word besluit om 'n komitee aan te stel om op al die implikasies van die voorstel in te gaan. Die Queenswoodlede hiervan was: C.J. Els, F.J.F. Heymann, S.F. van Wyk, F.G.D. van Schalkwyk en J.J. Swart. By die vergadering van Mei word besluit om waarborglyste in Queenswood te sirkuleer, m.a.w. lyste waarop persone wat daar woon, onderneem om 'n sekere maandelikse bydrae te gee vir die instandhouding van die werksaamhede van die voorgenome nuwe gemeente. 'n Ekstra kerkraadsvergadering word op 27 Junie gehou met betrekking tot die afstigting. Intussen is gereël dat ds. J.C. van Graan in Queenswood met die Pinksterdienste behulpsaam sal wees.

Op die 27ste Junie rapporteer die afstigtingskomitee dat die voorgestelde gemeente in Queenswood vaste eiendom en ameublement ten bedrae van R38 000 besit. Die waarborglyste is deur 458 persone onderteken en hulle onderneem om 'n jaarlikse inkomste van R11 650 byeen te bring. Volgens 'n opname wat gemaak is, sal die nuwe gemeente 630 lidmate hê en Hartbeesspruit 578 lidmate. Op hierdie vergadering word eenparig besluit dat Queenswood sal afstig en dat die rantjie aan die suidekant, die Witwatersberg, die grens tussen die twee gemeentes sal vorm. Al die bates ten bedrae van R38 000 sal na die nuwe gemeente oorgaan maar Queenswood sal 'n bedrag van R19 000 aan die moedergemeente betaal in jaarlikse paaiemente van minstens R2 000 plus rente. Die notule meld dan dat dit daarop neerkom dat die nuwe gemeente 'n bruidskat van R19 000 sal ontvang. Die scriba van die Kerkraad kry opdrag om die waarborglyste aan die scriba van die Ring te stuur, hom in kennis te stel van die besluit van die Kerkraad en ook die Ring te versoek om so spoedig moontlik oorweging aan hierdie besluit te skenk.


Aangesien die Kerkraad vir die laaste keer gesamentlik vergader op 22 Augustus, spreek die lede van Queenswood by monde van oudl. Van Schalkwyk hul dank en waardering teenoor Hartbeesspruit uit vir die mooi gees van samewerking wat daar bestaan het en rig 'n woord van dank aan ds. De Vries vir sy besondere bydrae tot die groei van Queenswoodgemeente. Die leraar spreek namens die Kerkraad sy beste wense teenoor die Queenswoodlede uit.

Die oproep tot die spesiale vergadering van die Ring verskyn in Die Kerkbode van 28 Augustus en hierdie vergadering word dan ook op 13 September 1963 in die kerk van Hartbeesspruit gehou. Dr. F.E. O'B. Geldenhuys tree as voorsitter van die vergadering op en die Ring keur die aansoek goed. 'n Afstigtingsvergadering word hierna om 8-uur die aand in die saal te Queenswood gehou, waar die susters reeds daardie middag om 3-uur 'n funksie gehou het ten einde fondse vir die nuwe gemeente in te samel. Alles verloop vlot en toe die gewone sitting van die Ring op 28 September 'n aanvang neem in die kerkgebou te Hartbeesspruit, kon Queenswood se secundus-ouderling, S.F. van Wyk, dit bywoon en ook die eerste dag se verrigtinge met gebed afsluit. Later het oudl. J.H. de Villiers as primariuslid sy opwagting gemaak. Op 20 November word die afstigting amptelik gefinaliseer wanneer Die Kerkbode die nodige kennisgewing publiseer.

Baie van die kerkraadslede wat gedurende die aanvangsjare van die nuwe gemeente diens gedoen het, se name is vandag nog by sommige gemeentelede bekend, terwyl ander nog steeds hier woonagtig is of selfs op die Kerkraad dien. Die eerste kerkraadsvergadering van die nuwe gemeente vind plaas op Woensdag 18 September 1963 en by dié geleentheid is die volgende persone teenwoordig: ouderlinge — S.F. van Wyk, F.J. Heymann, C.J. Els, A. Graham, A.J. du Plessis, J.J. Swart, D.F. Nel, J.H. de Villiers, C.E.G. Schutte, A. Badenhorst, H.J. Strydom, J. Potgieter, G.D. Scholtz en ds. N.E. de Kock. As diakens: C.P.M. Kruger, J.H. Taute, J.I.J. Stimie, N. Jacobs, A.N.P. Lubbe, C.J. Nel, D. Thompson, J. Bernhardi, M.H.B. Nel, P.S. Kruger, C. Pretorius, H. van der Merwe en W.S. du Plessis. Diaken F. Buys word eenparig as scriba aangewys, nadat oudl. G.D. Scholtz wat intussen tydelik die werk gedoen het, aandui dat hy nie beskikbaar is nie. Oudl. W.F. van Reenen was afwesig met verskoning. Ook die name van oudle. N. Bekker en J.G. Brummer moet genoem word, en diakens J.J. du Plessis, J.F.J. van Rensburg en N. Jacobs.

Op die eerste kerkraadsvergadering word ook besluit om voorlopig nie 'n beroep op 'n leraar uit te bring nie. Proponent H.D.K. van der Merwe word vir diens in die gemeente aangestel en van hom word verwag om die preekbeurte waar te neem en ook twee aande per week huisbesoek te doen. 'n Woord van meegevoel word aan mev. Purvis gerig met die afsterwe van haar suster, mevrou Benson, en sy word self ook sterkte toeewens vir haar ernstige ongesteldheid.

Ten tyde van die afstigting van die gemeente, het die oosgrens slegs tot by Kilnertonweg gestrek. Kilnerpark het m.a.w. nog nie aan Queenswoodgemeente behoort nie. Spoedig hierna word egter 'n brief van W. Liebenberg



van Patricialaan, Kilnerpark, behandel en aan hom word toestemming verleen om kerklike voorregte in Queenswood te geniet, hoewel hulle eintlik in Derdepoortgemeente val. Aan die begin van 1964 word 'n skrywe behandel van Derdepoortgemeente dat Kilnerpark by Queenswood ingelyf word en nie onder Derdepoort ressorteer nie. Daar word ooreengekom om hierdie gebied tot by die spruit as oostelike grens in te lyf. 'n Paar jaar later is ook die deel tussen die twee treinspore oos van die spruit, by Queenswood ingelyf. So het die gemeente sy huidige grense verkry.

Intussen het die Kerkraad besluit om nog in 1963 'n beroep uit te bring. By 'n vergadering van 5 Desember word ds. D.J.J. Oosthuizen, destyds leraar van Burgerspark en tans leraar van Universiteitsoord, beroep. Een van die name wat ook op die groslys verskyn, is J.P. Claasen. Op 22 Januarie 1964 word 'n tweede beroep uitgebring, nadat ds. Oosthuizen bedank het. Nou word ds. P. du Toit van Drieankerbaai tot leraar beroep. Ook hierdie beroep was nie suksesvol nie. 'n Derde beroep word op 20 Februarie uitgebring, en wel op ds.



J. du P. Malan van Krokodilrivier. Hy is tans leraar van Aasvoëlkop, Johannesburg. 'n Vierde beroep volg op 9 Maart — ds. J.F. Myburgh van Brixtongemeente in Johannesburg. 'n Vyfde vergadering, 16 April, ds. J.H. Louw, medeleraar van Pretoria-Oos word beroep. Die Kerkraad sou egter nog 'n sesde keer beroep. Op 4 Mei 1964 word ds. J.P. Claasen van die gemeente Coligny as leraar beroep en hierdie keer is die beroep suksesvol.

Die Kerkraad het natuurlik geruime tyd voor die uitbring van 'n beroep, reëlings begin tref vir huisvesting vir die toekomstige leraar. Mnr. S. Crous is aangewys as argitek en daar word besluit om die pastorie op te rig op erf 633 in Webbweg wat van Hartbeesspruit ontvang is. Vir hierdie doel word ook die aangrensende erf 634 aangekoop en wel teen 'n bedrag van R2 050. Die planne word opgestel en tenders by die Junievergadering ingewag. Die uiteindelike boukoste sou neerkom op ongeveer R17 000 en die fondamente is gegooi op die Maandag na die ontvangs van die eerste leraar.

Die koms van die leraar is ook deur ander boubedrywighede voorafgegaan. Hoewel die oorspronklike plan was om hutte vir die Sondagskool op te rig, stap die Kerkraad hiervan af en besluit om 'n konsistorie en ook permanente klaskamers aan die saal te laat aanbou. Met dank word kennis geneem van mevrou Purvis se bereidwilligheid om ook die koste verbonde aan die konsistorie en klaskamers langsaan te dra. Hierdie bouwerk bedra uiteindelik R6 916 en mevrou Purvis onderneem om R6 250 hiervan aan die gemeente te skenk. 'n Besluit word ook deur die Kerkraad geneem om deur middel van prop. Van der Merwe 'n brief persoonlik te laat oorhandig aan mevrou Purvis om haar vir haar skenking te bedank. By dié geleentheid, haar verjaarsdag op 25 Junie 1964, sing 'n kinderkoor haar toe en word 'n ruiker aan haar oorhandig. Waarlik, wat sy kon, het sy gedoen!

Ten einde die R19 000 aan Hartbeesspruit sonder versuim te kan terugbetaal, gaan die Kerkraad 'n lening by die Kerkkantoor aan ten bedrae van R20 000 en delg sodoende die skuld by Hartbeesspruit.

By die aanddiens op 19 Julie 1964 lewer prop. Van der Merwe 'n afskeidsboodskap en word ook 'n geskenk aan mevrou Van der Merwe oorhandig. Ouderling Swart spreek namens die Kerkraad en gemeente 'n woord van dank uit teenoor die egpaar. Vandag is proponent Van der Merwe L.V. vir Rissik, Pretoria.

## HOOFSTUK IV

## DIE EERSTE LERAAR

Die intreepreek van ds. Claasen vind plaas op Sondag 26 Julie 1964 met II Korinthiërs 7 vers 2 as teksvers: Maak vir ons ruimte in julle harte. Die bevestigingsboodskap is waargeneem deur ds. L.C.S. Haasbroek.


Johannes Petrus Claasen is gebore op 3 Julie 1926 in Indwe, op die grens van die Transkei, en het in Burgersdorp opgegroei. Na matriek het hy twee jaar in die plaaslike tak van Volkskas gearbei en toe na Stellenbosch vertrek waar hy vir predikant studeer het. In 1952 is hy tot die bediening toegelaat en tree in 1954 met mej. Louise Helberg in die huwelik. Uit die huwelik is drie seuns gebore: Johan, Philippus en Pieter. Voordat hy na Queenswood gekom het, het ds. Claasen die gemeentes Schweizer-Reneke en Coligny bearbei.




*Dr. en mev. J.P. Claasen*
*Pieter, Philippus en Johan*



Aangesien die bouwerk aan die pastorie pas begin het, bewoon die Claasengesin voorlopig 'n huis wat vir dié doel gehuur is te Hammanstraat, Queenswood-uitbreiding. Dit het meegebring dat die nuwe leraar in die buurgemeente Môregloed woonagtig was. Die bouwerk het goed gevorder met mnr. J.J. van Dyk as bouer. Op 1 Desember van dieselfde jaar kon die pastorie in gebruik geneem word teen 'n totale koste van ongeveer R17 000.



**SONDAGSKOOLPERSONEEL**

*STAANDE: Mnre. A. Monteith, C. Landman, D. de Jager, W. Pitel, M. Appels, D. de Winnaar (jnr.), J. Claasen, J. de Jager, C. Anderson, L. Nel.*
*2de RY: Mnr. M. Strydom, J. Oosthuizen, R. Fraser, J. Swart (jnr.), J. van Rensburg, J. Swart, B. Mostert, T. de Winnaar, dr. T. Kruger.*
*3de RY: Mej. M. Piek, mev. M. Strydom, mej. M. Marx, mev. A. Stander, mej. C. van Wyk, mev. A. Lourens, mej. W. Nel, mej. J. v.d. Merwe, mej. Y. van Rensburg, mej. I. Mostert, mej. C. Swanepoel, mej. R. STimie, mej. E. Alberts, mej. I. v.d. Merwe, mej. E. Grobbelaar, mev. J. Kruger.*
*SITTENDE: Mnr. G. Scholtz, mej. S. Scholtz, mnr. S. Albertyn, mev. P. Holt (sekr.), dr. J.P. Claasen, mnr. J. Grobbelaar (vise-hoof), mev. R. de Winnaar, mnr. D. de Winnaar (snr.). AFWESIG: Ds. E.L. Esterhuizen.*

Die verskillende werksaamhede van die gemeente kom ook in hierdie tyd tot verdere ontplooiing. Reeds op 17 Oktober 1963 is mnr. E.C. Bosman as onderhoof van die Sondagskool aangewys met mnr. J.H.L. Jooste as sekretaris. Die personeel het toe uit die volgende persone bestaan: mnre. J.J. Swart, C.P.M. Kruger, C.J. Nel, J.H.F. Taute, J.P. Niemand, S.W. Albertyn, A.J. Cloete, G.D. Scholtz, D. Thompson, P.A. Stander, prop. H.D.K. van der Merwe, mevroue R. Buys, J. Bosman, P. Jacobs, A. Botes, M.M. Taute, en mejj. M.J. Potgieter, M.C. Gibbens, A. Kruger, J.C.F. Badenhorst, S.M. Beukes en H. Rode. En deur die jare sou daar geen probleme ondervind word om personeel te verkry nie — telkemale wanneer 'n oproep gemaak is, het die vrywilligers uit die gemeente na vore gekom. Die jaar 1963 is afgesluit met 'n kindertal van 240 en hierdie getal het met die koms van die leraar, reeds tot 297 aangegroei. In 1973 het ons Sondagskool reeds 640 leerlinge gehad.

Met die opening van die Laerskool in Queenswood in 1968, is 'n versoek aan die hoof, mnr. A. Kruger, gerig om die skool beskikbaar te stel vir Sondagskoolklasse. Dit het hy goedgunstiglik toegestaan en tot aan die einde van 1972 toe die kerkgebou in gebruik geneem is, het hierdie vergunning voortgeduur. Langs hierdie weg is nie net die bande tussen skool en kerk opnuut bevestig nie, maar is die werk van die Sondagskool grootliks vergemaklik. As blyke van waardering vir hierdie pragtige gebaar van die skool, het die Kerkraad die koste van die keramiekwapen wat in die ingangsportaal van die skool pryk, gedra. Ds. Claasen het ook van die begin af as lid van die Skoolkomitee gedien en is tans nog die voorsitter.

Die huidige onderhoof van die Sondagskool is mnr. J.C. Grobbelaar wat in die plek gekom het van mnr. S.W. Albertyn wat na jare getroue diens, die gemeente verlaat het. Mevrou J.E. Holt is sedert 1968 die ywerige sekretaresse. Queenswood was ook bevoorreg om ds. en mevrou J.F. Linde as gemeentelede te mag hê tot 1972. Ds. Linde was die Sondagskoolsekretaris vanaf 1954 en het die Sondagskoolpastorie in Woodlandsrylaan bewoon. Ds. Dirk Viljoen wat hom as leraar met opdrag die dooplidmate van ons kerk, opgevolg het, het met sy diensaanvaarding die pastorie as woonhuis vir hom en sy gesin aangekoop. Die Linde's woon tans in Arcadia.

Die Transvaalse Vrouesendingvereniging het ook sy beslag voor die koms van die leraar gekry. Omdat Queenswood nog deel van Hartbeesspruit was, word 'n subtak op 27 Maart 1963 gestig met mevrou M. de Kock as voorsitster en mev. P.N. Jacobs as sekretaresse. Mevroue T. Liebenberg, A. Heymann en A. Graham dien ook op die bestuur. Die grondslag is goed gelê en met die koms van mevrou Claasen en haar oorname as voorsitster, was die T.V.S.V. reeds goed georganiseer. Deur die jare sou hierdie vereniging voortgaan om die sendingsaak, die saak van Christus, te bevorder. Gedurende Januarie 1965 bied hulle aan om jaarliks 'n bedrag van R300 vir die sendingarbeid in Mamelodi by te dra. Later sou hulle ook o.a. 'n deel van die Bantoeleraar se salaris ten behoewe van die Kerkraad dra. Die Bantoewerkster wat onder die huisbediendes in Queenswood geestelike arbeid doen, se salaris is ook ten volle gedra. In 1968 was die inkomste van Queenswood se T.V.S.V. die tweede hoogste in die Ring. Sedert die koms van ds. Esterhuizen, het mevrou Esterhuizen die leiding oorgeneem en op bekwame wyse die T.V.S.V. werksaamhede voortgesit.



**BESTUUR T.V.S.V.**

*AGTER: Mevv. E.M. Holt, J. Boshoff.*
*VOOR: E.J. de Winnaar (sekr.), L.V. Esterhuizen (voors.), L.C. Claassen (vise-voors.).*
*Afwesig: G. van Zyl.*

Die Kindersendingkrans was ook al aan die woeker. Op 1 November 1963 word reeds 'n basaar ter stywing van die fondse gehou. Die eerste bestuur het bestaan uit mevroue C. van Reenen, R. Buys en J. Bosman. Mevrou Claasen het daartoe oorgegaan om die Kindersendingkrans in verskillende wyke te organiseer en teen 1968 het die Queenswoodse Kindersendingkrans uitgegroei tot die sterkste in die Ring. 'n Staatmaker in hierdie verband is mevrou Susan Scholtz wat ook 'n lid van die hoofbestuur geword het en met groot entoesiasme hierdie saak bevorder het. Saam met die T.V.S.V., het mevrou Ester-




**BESTUUR KINDERSENDINGKRANS**

*AGTER: Mevv. E. Botes, D. Pretorius, M. Schutte, Y. Engelbrecht, D. du Toit, D. Brink.*

*VOOR: Mevv. B. Loots, A. Anderson (sekr.), S. Fourie, V. Esterhuizen (o/voors.), S. Scholtz (voors.), C. van Reenen (tes.).*

huizen ook die Kindersendingkrans oorgeneem en met behulp van die getroue leidsters in die verskillende wyke, hierdie belangrike werk bestendig.

'n Ander vertakking van die gemeentelike werksaamhede wat ook vroegtydig beslag gekry het, was die Kerkjeugvereniging. Hoewel die gemeente destyds nog nie baie jongmense gehad het nie vanweë die feit dat baie inwoners van Queenswood self nog jonk was, is die eerste KJV-tak op 16 Oktober 1963 gestig. Die voorsitter was Jacobus Niemand, E. Terblanche het as ondervoorsitter gedien en Annemarie Kruger was die sekretaresse. Deur die jare sou die KJV geleidelik groei totdat daar vandag beide 'n Senior en Junior KJV. in die gemeente bestaan.

Voor die koms van die leraarspaar, het die Kerkraad ook 'n aansoek van 'n aantal kerkraadslede se eggenotes bespreek waarin gevra word om erkenning van 'n Kerkraadsustersvereniging. Die saak word deeglik behandel maar daar word besluit om nie goedkeuring te verleen vir so 'n stap nie. In Augustus 1964



vra mevrou Claasen die toestemming van die Kerkraad om 'n tak van die Bond van Dienaresse te stig. Hierdie versoek word eenparig goedgekeur en die stigting vind plaas op 3 September 1964. Die bestuurslede was mevrou Claasen, mevroue M.J. Swart, R. Buys en J. Bosman. Twee jaar later, op 15 September 1966, keur die Kerkraad die versoek van die bestuur goed dat alle susters van die gemeente vanselfsprekend op grond van hul lidmaatskap van die Kerk, beskou sal word as lede van die Sustersvereniging. Dit dien ook vermeld te word dat die Sustersvereniging in Transvaal se naam in later jare verander is na die huidige naam, Vrouehulpdiens van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

Vanuit die staanspoor het die susters van die gemeente met groot entoesiasme op hierdie terrein saamgewerk. Koekverkopings is gehou om fondse in te samel en by die verskillende basaars wat jaarliks gehou is, het die ywer van




**BESTUUR VROUEHULPDIENS**

*AGTER: Mevv. E. Smit (sekr.), J. Malan, B. Becker, E. Retief, S. Grobbelaar, A. Joubert, J. van der Merwe (tes.), S. Oosthuizen, C. Venter, J. Viljoen, J. Bernhardi.*

*VOOR: Mevv. V. Esterhuizen (o/voors.), L.C. Claassen (voors.), M.J. Swart (o/voors.).*

die vrouelidmate aansteeklik op die hele gemeente ingewerk. By geleentheid van een so 'n basaar, het dit die aand gestortreën maar niks kon die entoesiasme van die gemeente demp nie. In groot getalle het hulle opgedaag om te werk of om die saak te ondersteun. 'n Gedeelte van die tafels was in 'n groot tent en op pad daarheen het die reëndruppels gemeentelede aangejaag maar almal het saamgestem dat dit 'n reusesukses was.

En so sou die Vrouehulpdiens van krag tot krag gaan. Bejaardes in die wyke is getrou besoek en ook siekes en beproefdes kon reken op die bystand van die Vrouehulpdiens. By geleentheid van begrafnisse het dit gebruik geword dat die susters van die betrokke wyk verversings aan die betrokke familie en ander belangstellendes bedien het. Dit verbaas dan ook nie as die Kerkraad in September 1968 kennis neem van die feit dat die inkomste van Queenswood se Vrouehulpdiens die hoogste in die Ring was nie.

Op die terrein van die diens van Barmhartigheid, vind ons dat die gemeente steeds 'n meelewende hart en vrygewige hand aan die dag lê. Die besluit wat die Kerkraad geneem het om die gemeente van Wespoort te ondersteun, het goeie weerklank in die gemeente gevind. Klere, kruideniersware en geldelike bydraes het nie agterweë gebly nie en langs hierdie weg kon vele gemeentelede hul dankbaarheid teenoor die Gewer van alle goeie gawes op praktiese wyse openbaar. In 1969 het die gemeente dan ook mildelik bygedra tot die Bolandse Rampfonds wat gestig is om die mense te help wat gedurende die aardbewing in Ceres, Tulbagh en Wolseley, skade gely het.

In November 1968 het die opening van die Louis Botha Tehuis vir kinders in Queenswood plaasgevind nadat dit uit die middestad hierheen verskuif is. Sedertdien het die Diakonie en die susters dikwels hulp verleen terwyl ds. Claasen vanaf 1971 ook op die bestuur van hierdie inrigting dien.

Ook wat die sendingbelangstelling betref, tref ons diegene in die gemeente aan wat steeds hul deel probeer doen het. Garagedienste vir bediendes is aanvanklik in Kilnerpark in die motorhuis van mnr. D. Thompson gehou, later by mnr. C.A. Anderson en daarna by mnr. R. Perold. Na die vertrek van die Peroldgesin, is die hou van garagedienste voortgesit by dr. H.A. Mocke in Dormerlaan 1157, Queenswood, waar vandag nog geseënde werk gedoen word.

Op 19 November 1964 het die Kerkraad 'n besluit geneem wat van groot betekenis ten opsigte van die sending was. Hiervolgens het Queenswood ingewillig om jaarliks die helfte van die salaris van 'n Bantoeleraar vir Mamelodi te betaal, terwyl Meyerspark die ander helfte sou voorsien. Na 'n paar jaar het Queenswood besluit om die volle salaris van 'n werkkrag te betaal. Hierby kom nog die verpligtinge wat Queenswood en 11 ander gemeentes van oostelike Pretoria het met betrekking tot die werksaamhede in die drie sendinggemeentes van Mamelodi, Mamelodi-Oos en Mamelodi-Phahameng. En 'n mens is dankbaar om te weet dat die gemeente ook hier meewerk om die koninkryk van God uit te brei.



Twee bekende arbeiders op die terrein van die sending, woon ook tans in die gemeente. Dr. O.C.O. Erasmus en sy gesin het eers in Kilnerpark gewoon maar het later na Kirkbystraat 1269 verhuis. Dr. Erasmus is sendeling van ons Kerk met spesiale opdrag die arbeid in die middestad van Pretoria. Mag die gemeente steeds onthou om aan hierdie arbeid in ons voorbidding te dink.

Ds. en mevrou Coen van Rensburg het intussen ook in Queenswood kom woon en wel in Dormerlaan naby hul skoonseun en dogter, dr. en mevrou Mocke. Dit is juis by die Mocke's waar die garagedienste gehou word. Ds. Van Rensburg was leraar vanaf 1932 totdat hy aan die begin van 1973 afgetree het. As sendeling het hy diep spore getrap en o.a. baie kere as moderator van die Sinode diens gedoen. Ons vertrou dat hy 'n aangename verblyf in die gemeente sal hê.

Gedurende Maart 1966 steun die Kerkraad die leraar met betrekking tot afstigtingsnavrae vanaf Pierneefgemeente. Een van die predikante van Pierneef het aan ds. Claasen dit gestel dat die gedagte in Pierneef ontstaan het om die oostelike gedeelte van dié gemeente af te stig met 'n moontlike inlywing van 'n deel van Queenswood. Hierop het ds. Claasen geantwoord dat vanweë geografiese en ander redes, hy nie glo dat die Kerkraad van Queenswood hiervoor te vinde sou wees nie. Hy meen ook dat die oplossing vir Queenswood ten opsigte van toekomstige uitbreiding in die beroeping van 'n tweede leraar lê en nie in afstigting nie. Die Kerkraad steun hierdie sienswyse heelhartig. Pierneef sou later afstig en 'n nuwe gemeente het sodoende aan die westekant van Queenswood tot stand gekom, nl. die gemeente Pierneefrant.

Op die Sinodesitting van April 1968 word Queenswood deur die leraar en ouderling K.G. Schröder verteenwoordig. Volgens die sakelys van die Sinode was Queenswood die 147ste gemeente wat in Noord-Transvaal tot stand gekom het. Queenswood was egter nie net een van die jongste gemeentes op hierdie Sinode nie, maar sy ouderling was die jongste ouderling daar teenwoordig. Ouderling Schröder wat vandag nog in die gemeente woonagtig is, was destyds 32 jaar jonk. Verder is dit interessant dat waar hy ouderling in die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika was, sy vader terselfdertyd predikant van die Lutherse Kerk in Duitsland was. Ouderling Schröder het 'n paar jaar vantevore na Suid-Afrika emigreer, Afrikaans spoedig onder die knie gekry en in die Boland by die Nederduitse Gereformeerde Kerk lidmaat geword. Later is hy met 'n Afrikaanse dame getroud en het die egpaar hulle in Queenswood kom vestig.

Die gemeente het ook ander immigrante gehad wat ten volle ingeskakel het. Hier kan die name genoem word van meneer en mevrou Bogaerts wat 'n jaar of twee gelede uit die gemeente vertrek het. Mnr. Bogaerts het op die Kerkraad gedien en hy en sy eggenote sou nog die bande waarmee hulle aan die gemeente gebind was, op sigbare wyse verstewig deur die maak van die kanselkleed wat tans in die kerkgebou hang. Ouderlinge G. Wyenberg en H.

Wolf is eweneens met hul eggenotes van Holland afkomstig, netsoos die Bogaertse. Vir immigrante wat so goed inskakel, kan en behoort 'n gemeente steeds dankbaar te wees.

Egpaar Wolf toon nog steeds 'n lewende belangstelling in die lot van nuwe immigrante en is lede van die Pretoriase Immigrantekomitee. Hierdie komitee is die plaaslike komitee van die Maatskappy vir Europese Immigrasie wat oor die hele land sodanige komitees in die groot stede het. Met die koms van die Tsjeggiese vlugtelinge na die Republiek in 1968, was ds. Claasen voorsitter van hierdie komitee. Hy het hom dan ook beywer vir die inskakeling van hierdie mense in die Kerk en gemeenskap en het met die oog daarop, Tsjeggies begin leer. Later het hy ook 'n handboek gekrywe wat die Tsjegge in staat stel om Afrikaans te kan leer en deur bemiddeling van Volkskas is hierdie boekie gratis aan die Tsjegge beskikbaar gestel. Die leraar het 'n aantal dienste vir Tsjegge in die stad gehou en by 'n paar geleenthede die Doop in Tsjeggies in Queenswoodgemeente bedien nadat 'n aantal Tsjeggiese egpare by hom gekatkiseer het. Weens gemeentelike verpligtinge kon hy egter later nie meer hiermee voortgaan nie.

Intussen het die tyd nie stilgestaan nie. Mevrou Purvis se gesondheid het geleidelik verswak en op 5 Januarie 1965 is hierdie groot weldoener aan Queenswoodgemeente, oorlede. Haar herinnering en voorbeeld leef egter nog voort by vele in die gemeente.

Die susters van Queenswood het deur die jare self ook 'n mooi voorbeeld gestel. Reeds in September 1965 word hulle bedank vir die mooi bedrag van R2 445 wat hulle vir skulddelging byeengebring het. En so het die gemeente skouer aan die wiel gesit, een van hart en een van sin. Ook in die geestelike lewe maak eendrag mag. Daarom breek die blye oomblik aan dat die Finansies-kommissie op 20 April 1967 aan die Kerkraad kan rapporteer dat die gemeente-skuld ten volle vereffen is. En die scriba notuleer: "Dit is voorwaar 'n blye oomblik in ons gemeente se kort bestaan waarvoor ons die Here innig dank baar is." Waarlik, die Here het wonderlik voorsien.

Die uitdagings aan die gemeente het nie hiermee geëindig nie. Op 16 November 1967 stel die Kerkraad 'n kommissie aan met die opdrag om die behoefte aan 'n kerkgebou te bestudeer, die moontlikheid van 'n tweede leraar, 'n tweede pastorie, die hou van twee oggend-eredienste en ook die tye van die Sondagskool. Gedurende 1968 vind verskeie besprekings van die aangeleentheid plaas totdat die Kerkraad in Oktober besluit om gedurende November 'n leraar te beroep.

Gedurende 1968 was daar nie net besprekings van die beroep van 'n medeleraar nie, maar ook baie werk wat gedoen is ten einde 'n geskikte terrein vir 'n kerkgebou en pastorie te bepaal. Wanneer die Kerkraad by sy vergadering van November besluit om 'n argitek vir die pastorie en kerkgebou aan te stel, staan die gemeente van Queenswood op die drumpel van 'n nuwe tydperk in sy geskiedenis — 'n tweede leraar en 'n eie kerkgebou.



## HOOFSTUK V

## 'N MEDELERAAR, EN VERDERE GROEI

Op 2 Desember 1968 het die Kerkraad byeen gekom ten einde 'n medeleraar vir die gemeente te beroep. Voordat die vergadering oorgaan tot die beroep, staan die lede 'n paar oomblikke op ter herinnering aan die ont-slape oud-ouderling J.F. Heymann wat veel vir die gemeente beteken het. Sestien name word op die groslys geplaas, insluitende die name van vier proponente. Uiteindelik word die name uitgedun tot twee proponente, H.B. Senekal en P.F. Theron. Proponent Senekal word na 'n verdere stemming as beroepe verklaar. Hierdie beroep was egter nie suksesvol nie en die volgende beroepsvergadering vind somaar nog gedurende die Desembervakansie plaas en wel op 30 Desember 1968. Weer eens word 'n proponent beroep en hierdie keer is dit proponent P.F. Theron wat aan die beurt kom. Ook hy het nie die beroep aangeneem nie en op Dinsdag 28 Januarie 1969 word 'n verdere beroep uitgebring. Na 'n tweede stemming kry die volgende twee persone 'n volstrekte meerderheid: Ds. G.J.V. Bell en proponent E.L. Esterhuizen. Tussen hierdie twee persone word nou gestem en albei kry 21 stemme. Die voorsitter besluit dat nog 'n stemming gehou sal word en ook hierdie uitslag is — gelykop. Die Kerkraad gaan nou daartoe oor om die lot te werp. Die twee genomineerdes se name word in 'n hoed geplaas en die voorsitter versoek rustende ouderling J.L. de Villiers om na vore te kom. Ds. Claasen doen nou 'n gebed en mnr. De Villiers steek sy hand in en trek een van die twee papiertjies uit: E.L. Esterhuizen. Só het die Here die beroep van die eerste medeleraar na Queenswood beskik.

Erens Lodewyk Esterhuizen is op 1 September 1938 in Pietersburg gebore en het na afhandeling van Matriek in 1956, eers 'n aantal jare gewerk voordat hy verder gaan studeer het. Gedurende hierdie vyf jaar het hy o.a. as blokman in 'n slaghuis diens gedoen en was hy ook skoolbusbestuurder, proefbeampte, sekretaris van die Welsynsraad en regsadviseur by die Raad vir die ont-wikkeling van Buitestedelike gebiede. Hy het as student in die huwelik getree met mej. Valerie Nel wat haar aan die Universiteit van Pretoria as bibliotekaresse bekwaam het. Uit die huwelik is twee dogters gebore: Judy-Marie en Marelee.

Proponent Esterhuizen is op 15 Maart 1969 in die gemeente ontvang en op dieselfde dag as leraar georden. Die bevestigingsrede is uitgespreek deur prof. H.D.A du Toit. Die volgende dag, Sondag 16 Maart, het die nuwe leraar sy



*Ds. en mev. E.L. Esterhuizen,*
*Judy-Marié en Marelee*

intreepreek gehou, met as teksvers 2 Korinthiërs 4:7 – Maar ons het hierdie skat in erdekruike, sodat die voortreflikheid van die krag van God mag wees en nie uit ons nie.

Voorlopig sou die gesin in hul huis in Waterkloofrif woon. Uit die aard van die saak het hierdie tydelike reëling heelwat praktiese probleme meegebring met die gevolg dat die Kerkraad spoedig daartoe oorgegaan het om die huis van mnr. Spies in Freelandlaan 36, Kilnerpark, as voorlopige woning te huur. Omdat die ingenieur van mening was dat die erf in Dormerlaan wat 'n paar jaar vantevore aangekoop is, te nat sou wees vir die bou van 'n pastorie, is besluit om ondersoek in te stel na die aankoop van 'n doeltreffende huis om as pastorie te dien. Uiteindelik word besluit om die huis van 'n gemeentelid, mnr. Paul Natorp, aan te koop teen 'n koste van R24 758. Op 1 Julie 1970 kon die egpaar dan ook in hierdie huis te Woodlandsrylaan 1256, intrek. Later is 'n studeerkamer en slaapkamer ook aangebou.

Die behoefte aan 'n doeltreffende kerkgebou het intussen meer en meer na vore gekom. Reeds op 16 Februarie, 'n maand voor die koms van ds.





**BOUKOMMISSIE**

*1ste ry (v.l.n.r.): Dr. C.E.G. SCHUTTE. Ds. J.P.CLAASEN, Ds. E.L. ESTERHUIZEN, Mnr. J.J. SWART.*
*2de ry (v.l.n.r.): C.A. ANDERSON, Oud. F. BUYS (Scriba), P.S. KRUGER, G.S.R. PEROLD.*
*Inlasse: Mevrou L.C. CLAASEN, Mevrou V. ESTERHUIZEN. Mevrou M.J SWART.*

Esterhuizen, is 'n aanvang gemaak met twee eredienste in die oggend, om 8.30 en 10.30 vm., met die Sondagskool tussen die twee dienste om 9.30 vm.

Vir die boukommissie het daar nou 'n bedrywige tydperk aangebreek. Die kommissie het bestaan uit die twee leraars, ouderlinge J.J. Swart, C.E.G. Schutte, G.S.R. Perold, F. Buys, P.S. Kruger, diaken C.A. Anderson, die eggenotes van die twee leraars en mevrou M.J. Swart. Die kommissie het reeds voor die aanstelling van die argitek, verskillende kerkgeboue besigtig. Na die aanstelling van die argitek, mnr. Paul du Plessis, het die werksaamhede vermeerder. Die nodige beplanning moes gedoen word, voorlopige sketsplanne bestudeer word, besprekings van die projek het by elke vergadering van die Kerkraad plaasgevind en aan talryke besonderhede, klein en groot, moes aandag geskenk word. Sommige vergaderings van die kommissie het dan ook soms byna tot middernag geduur.

Geleidelik het die planne begin vorm aanneem. 'n Kerkgebou sou opgerig word wat sitplek aan 830 mense sou bied. Ook is besluit om houtbanke te installeer asook 'n vloerverwarmingstelsel. 'n Galery vir die koor sou ook deel van die gebou uitmaak, terwyl 'n kloktoring ook aangebring sou word. Die kerkgebou sou noord van die kerksaal opgerig word. Tot hierdie besluit is geraak nadat die moontlikheid maande vantevore ondersoek is om die oop grond noord van Carterlaan en wes van Shillingstraat as kerkperseel te bekom.

Hiervoor was die Stadsraad nie te vinde nie en wanneer 'n mens terugdink aan hierdie moontlikheid, kan die leiding van die Here duidelik raakgesien word. Die huidige kerk- en saalkompleks vorm tog 'n treffende en doelmatige eenheid, terwyl die oprigting van 'n kerkgebou op 'n ander stuk grond, heelwat ongerief sou meegebring het.

Uiteindelik kon die tenders vir die oprigting van die gebou gevra word. Op 22 April 1971 aanvaar die Kerkraad die laagste tender, nl. dié van mnr. J.C. Beukes van Queenswood. Die tenderprys het R124 500 bedra. Dit sou later blyk dat dit 'n gelukkige keuse was en dat die bouwerk van 'n hoogstaande gehalte sou wees. Selfs die feit dat mnr. Beukes se maatskappy later onder geregtelike bestuur geplaas is vanweë sekere eise wat mnr. Beukes teenoor die maatskappy ingestel het, het die bouwerk nie benadeel nie.

Die sooispitplegtigheid het saamgeval met die gemeentelike basaar wat op Vrydag 30 April gehou is. In feestelike stemming het die gemeente basaar gehou en kon die eerste sooie in die laat namiddag gespit word. Namens die ouere lidmate het Oom Tienie van den Berg ook 'n sooi gespit. Prof. Herman Venter, lidmaat van die gemeente en ook lid van die Stadsraad van Pretoria het nadat hy 'n sooi gespit het, ook 'n paar woorde van gelukwensing namens die Stadsraad aan die gemeente gerig. Gedurende 1973 sou hy ook burgemeester van Pretoria wees.


Op Maandag 3 Mei, het die bouery in alle erns begin. Om voorsorg te tref teen die moontlike nadelige uitwerking van turfgrond, is uitgrawings tot so diep as 14 vt. gemaak waarin later betonpylers gegiet is ten einde te verseker dat die gebou heg en stewig sou staan.


Intussen is prof. Chris Swanepoel, bekende orrelis en hoogleraar in musiek aan die universiteit van die Oranje-Vrystaat, gevra om die spesifikasies vir die orrel op te stel. Die tender vir die bou van die orrel is toegeken aan die Suid-Afrikaanse Orrelbouers in Silverton en die uiteindelike koste het te staan gekom op ongeveer R20 000. Hierdie bedrag is deur die Vrouehulpdiens van die gemeente byeengebring. Die kerkklok is ook deur Orrelbouers voorsien en vir die R1 300 wat dit beloop het, het die Sondagskool ingestaan. Elke eerste Sondag van die maand het die Sondagskoolkinders 'n ekstra bydrae gebring vir die klokfonds en binne enkele maande is die mikpunt bereik.

Ook ten opsigte van die finansiering van die bouwerk van die kerk het die Here voorsien. Aan die begin van 1971 het die Kerkraad 'n lening by die Kerkkantoor aangegaan vir 'n bedrag van R60 000. Met gebruikmaking hiervan, saam met die belegging van R75 000 wat die gemeente reeds as neseier byeengebring het, sou die gemeente die mas kon opkom. Dit spreek vanself dat ekstra uitgawes by die tenderbedrag gereken moes word, soos bv. die koste verbonde aan die uitgrawings vir die pylers waarop die gebou sou rus. Ook die hoër maak van die gronde en die argiteksfooie en ingenieursgelde moes nog bykom, met die gevolg dat die uiteindelike koste ongeveer R170 000 beloop het.



Na die sooispit, was die hoeksteenlegging volgende aan die beurt. Dit het plaasgevind op 19 Februarie 1972 en by dié geleentheid het die gemeente die Saterdagmiddag eers in die kerksaal byeengekom waar ds. Esterhuizen 'n boodskap gebring het uit Openbaring 11:3. Daarna het die aanwesiges na die kerkgebou gegaan waar die twee leraars die hoeksteen gelê het. Die volgende teksvers is op die hoeksteen aangebring: Kom na Hom toe, die lewende steen. Hierdie treffende woord uit 1 Petrus 2:4 spreek vandag nog tot elkeen wat die hoeksteen sien en die woorde daarop lees.








En voor die oë van die gemeente het die kerkgebou dag na dag voltooiing genader. Op Saterdag en Sondag, 18 en 19 November 1972, vind die inwyding van die kerk plaas. Na 'n paar kort toesprake, het die eggenotes van die twee leraars die kerkgebou oopgesluit. Dit was 'n wonderlike geleentheid toe 1 134 mense hierna die kerk kon binnestap terwyl die klok vir die eerste keer 'n erediens aankondig. Prof. J.A. Heyns van die Teologiese Fakulteit te Pretoria, het die feesrede gehou met as Skriflesing 2 Kronieke 6:12—21. Treffend stel Salomo dit in vers 18: Maar sou God werklik by die mense op die aarde woon? Die hemel, ja, die hoogste hemel kan U nie bevat nie, hoeveel minder hierdie huis wat ek gebou het! En ook vers 20: sodat U oë oop mag wees dag en nag oor hierdie huis, oor die plek waar U van gesê het dat U U Naam daar wil vestig, sodat U mag luister na die gebed wat u kneg na hierdie plek toe sal bid.

Die volgende oggend het die eerste byeenkoms op 'n Sondag plaasgevind en 1 365 mense het die kerk tot teenaan die kansel volgepak. Ds. Claasen het 'n boodskap gebring oor 1 Kor. 3:9—17 en het gewys op die roeping van die gemeente om boontoe te bou, na God; binnetoe, die persoonlike heiligmaking en toewyding; buitentoe, die uitdra van die Evangelie aan die wêreld.

By die aanddiens wat die vorm van 'n sangdiens aangeneem het; het ds. Esterhuizen voorgegaan. Die orrelis en koor het hulle goed van hul taak ge kwyt. Diepragtigegetalvan 966 mense was byeen om 'n feestelike naweek af te sluit onder die geklank van kerksang en kerkmusiek.

En terwyl gemeentelede die Saterdagaand en die Sondag by die kerksaal verbygestap het, was daar so 'n tikkie heimwee in baie se gemoed. Hulle kon terugdink aan al die jare waartydens die gemeente in die saal bymekaargekom het; aan die doopvont en kansel wat deur Hartbeesspruit geskenk is en nou as blywende herinnering agtergelaat is aan die tyd toe die kerksaal die kerk van die gemeente was; en ook die elektroniese orreltjie wat soveel jare die gemeentelike sang begelei het. Maar dit het alles deel gevorm van 'n ryke en vreugdevolle naweek wat nog baie lank in die dankbare harte van gemeentelede sou voortleef.

Intussen het die bouer ook voortgegaan met verbouings by die kerksaal. Die kombuis is heeltemal verander en vergroot terwyl ekstra toilette agter die saal aangebring is. Die bedrag van ongeveer R10 000 wat hiervoor benodig is, is deur die susters self gedra. Die gemeente kon waarlik dankbaar wees vir hierdie dienaresse wat ook nog die kerkbanke, die vloermatte in die kerk en al die gordyne betaal het. En almal het die susters die nuwe en doeltreffende kombuis gegun.



**DIE KERKRAAD**

*VOORSTE RY (v.l.n.r.): Oudle. J.C. Grobbelaar, M.M. Carr, M.J. du Plessis, J.H. de Villiers, J. Theron, C.E.G. Schutte, J.J. Swart, G.S.R. Perold, P. Viljoen, A.J. du Plessis, F. Buys, C.J. Bester.*

*TWEEDE RY: Oudle. F.A.C. Tiedt, M.H.B. Nel, P.D. Swanepoel, J.J. Swart, P.J.F. Venter, H.H. Wolf, G.J. Smit, P.J. van Vuuren (oorlede), F. Viljoen, R.H. Landman, L.C. Jonker.*

*DERDE RY: Oudle. A.F. Strauss, J.I.J. Stimie, F.J. Fourie, N. Jacobs, W.D. Viljoen, P.J. Swarts, H.A. Mocke, D.S. Brink, P.J. Badenhorst, J.J. van Niekerk, H.G. Strydom, S.W. Kieser.*

*VIERDE RY: Diakens N.J.L. Saayman, P.R. Kruger, N.G. Swart, M.C. Barnard, V. Carr, B.C. van Zyl, P. van der Merwe, ds. J.P. Claasen, ds. E.L. Esterhuizen, Diakens A.P. Labuschagne, B. Schreiber, J.v.T. Coetzee, D.J. Pretorius, J.F. Waldeck, S.W. Albertyn, L.J.R. Kritzinger.*

*AGTERSTE RY: Diakens C. Viljoen, J.J.H. Claase, M.J.H. Beukes, D.D.R. Malan, C.M. van der Walt, D. Badenhorst, J.L. Strydom, J.A. Botha, F.P. Swanepoel, H.J. Prinsloo, R.B.J. van Heerden, T.P. van der Walt (oorlede), E.J. Marx, J.A. Retief.*



Dit staan dan ook in die teken van die dankbaarheid van die gemeente dat die Kerkraad aan die einde van 1972 eenparig 'n aanbeveling van ds. Claasen aanvaar om voortaan elke jaar 'n addisionele bedrag van R12 000 aan die diens van die Here te bestee. Dit sou dien as vergestalting van die erkentlikheid van die gemeente teenoor die Gewer van alle goeie gawes. Hierdie R12 000 sou bo en behalwe bestaande finansiële verpligtinge aangewend word. Nadat die saak ondersoek is, is besluit dat die helfte van die bedrag vir sake soos evangelisasie en diens van barmhartigheid sou gaan, en die ander helfte vir die sending. Die reaksie van die gemeente hierop was een van volle instemming.

Dat die gemeente ook nie sy ouer lidmate vergeet het nie, blyk uit die stigting van die "Herfsblaarklub" deur die Vrouehulpdiens. Dit het tot stand gekom in 1971 en het ten doel die gereelde samebring en samekoms van lidmate in die gemeente wat die ouderdom van 60 jaar of meer bereik het. By hierdie geleenthede word gesellig saam verkeer, 'n kort program aangebied en verversings deur die Vrouehulpdiens bedien. Op hierdie wyse word in 'n wesenlike behoefte van baie lidmate voorsien.



**BESTUUR HERFSBLAARKLUB**

*AGTER: Mevv. B. Loots, W. Groenewald, G. van Zyl, A. Swart, S. Venter, M.J. Swart.*

*VOOR: Mevv. S. Fourie, E.M. Holt, L.C. Claassen (voors.), V. Esterhuizen (o/voors.), D. Roos (sekr.).*

Die verskillende werksaamhede van die gemeente sou sekerlik nie so goed verloop het as dit nie was vir die getrouheid wat deur die amptenare openbaar is nie. So word by geleentheid van die eerste kerkraadsvergadering van die nuwe gemeente op 18 September 1963, diaken F. Buys as scriba en koster van die gemeente aangestel. Hy is tans luitenant in die Suid-Afrikaanse Polisie en het op sy dae ook rugby vir Noord-Transvaal gespeel. Vanaf die begin van 1973 doen hy nie meer diens as scriba nie, maar gaan nog steeds voort om soos in die verlede, die werk van koster met toewyding uit te voer.

Op dieselfde vergadering waartydens die scriba-koster aangestel is, word diaken W.S. du Plessis ook eenparig gekies as kassier van die gemeente. Dat ook hierdie aanstelling verstandig was, kan gesien word in die getrouheid waarmee mnr. Du Plessis tot aan die einde van 1972 as kassier van die gemeente opgetree het. Hy is tans ouderling en is werksaam by die departement van Beplanning.

In 1967 het 'n ander gemeentelid, mnr. N. Jacobs, as assistent-kassier bygekom. Hy is werksaam by die Spoorweë en het saam met mnr. Du Plessis tot aan die einde van 1972 op verantwoordelike wyse omgesien na die finansiële aangeleenthede van die gemeente.

Gedurende 1972 het mnr. Buys as scriba bedank, terwyl ook mnre. Du Plessis en Jacobs hul voorneme te kenne gegee het om nie langer in hul onderskeie hoedanighede voort te gaan nie. Dit was met die oog op die moontlikheid wat deur die Kerkraad in vooruitsig gestel is om 'n saakgelastigde vir die gemeente aan te stel. Mnr. Buys sou egter nog voortgaan om as koster van die gemeente op te tree.

So het dit dan gebeur dat mnr. P.J.H. Basson vanaf die begin van 1973 as saakgelastigde van die gemeente in diens getree het. Hy is die afgetrede direkteur van die Suid-Afrikaanse Toeristekorporasie en is woonagtig in die gemeente Universiteitsoord. Die wye ervaring wat mnr. Basson besit, word deur hom op deeglike wyse aangewend in die organisasie en uitbouing van die kantoor. In die loop van die jaar het mev. C. Swart, eggenote van oudl. J. Swart jnr., as tikster in die kantoor bygekom.

Verskillende persone het tot dusver as orreliste in die gemeente diens gedoen. Voor die afstigting van die gemeente het mev. Coetzee, vroeër van Woodlandsrylaan, tydens die dienste in die kerksaal die begeleiding waargeneem. Sy is opgevolg deur mej. M. Badenhorst, dogter van mnr. en mev. Attie Badenhorst. Sy is later getroud met die bekende Noord-Transvaalse rugbyspeler, Fourie du Preez, en was die eerste orreliste wat in die nuwe gemeente opgetree het. In Februarie 1965 het sy haar bedanking weens huishoudelike verpligtings ingedien en is opgevolg deur mej. H. van der Walt. Ook sy het in die huwelik getree en wel met mnr. J.L. Snyman. Mevrou Snyman het tot aan die einde van 1967 in hierdie hoedanigheid in die gemeente gearbei.



Na 'n vakature wat maande geduur het, is mnr. R. Mathlener in Augustus 1968 as orrelis van die gemeente aangestel. Sy vader is hoof van die konserwatorium vir musiek van die Ned. Herv. Kerk in Pretoria. Ons orrelis se eggenote is self ook iemand wat die orrel kan bespeel en by die aanstelling van iemand vir die orrelpos, moes die keuse juis tussen hom en sy aanstaande eggenote gedoen word. Mnr. Mathlener het intussen ook oorgekom na die Ned. Geref. Kerk en gaan nog steeds voort om hom verder in die orrelspel te bekwaam.



**BESTUUR JUNIOR KJV**

*VOORSTE RY: S. van Wyk, D. Nel, I. Marx (sekretaresse), F. Wium.*
*AGTERSTE RY: J. Steyn (o.voors.), D. Venter (voors.), S. Loots, A. Dippenaar (tes.).*



**BESTUUR SENIOR KJV**

*VOORSTE RY: I. van der Merwe, C. Swanepoel (sekretaresse), L. Taute.*
*AGTERSTE RY: C. Landman (voors.), T. Johannes, D. de Winnaar (tes.), J. de Jager, J. Lemmer, J. Claasen, C. Monteith (o.voors.).*

Dat dit nie altyd maklik vir die orreliste was nie, blyk uit die feit dat voor die afstigting die gemeente met 'n geleende klavier moes klaarkom. In Maart 1963 word 'n tweedehandse klavier teen 'n bedrag van R200 aangekoop. Hierop sou die destydse orreliste haar moes behelp tot op Kersdag 1964 toe 'n elektroniese orrel in gebruik geneem kon word — 'n skenking van egpaar D.S. Malan van die gemeente. Hierdie orrel is gebruik tot 'n paar maande voor die inwyding van die kerk toe Orrelbouers aan die gemeente 'n klein pyporrel tydelik geleen het. En sedert die ingebruikneming van die kerk kan ook die orrelis en kerkkoor met groot dankbaarheid die nuwe orrel benut.

Gedurende vakansietye van die verskillende orreliste, kon die gemeente altyd reken op 'n paar persone om met die orrelspel te help. Hier moet die



name genoem word van mevroue A. Anderson en W. Wium, terwyl ook mnr. P. Viljoen dikwels die bespeling van die orrel waargeneem het. Aldrie hierdie persone was, of is nog steeds lede van die kerkkoor. En hoewel die koor soms maar gesukkel het om genoeg lede te kry, was daar altyd die staatmakers wat die koorsang in die gemeente in stand gehou het.




**KERKKOOR**

*VOOR, SITTENDE (v.l.n.r.): R. Mathlener (orrelis), mevv. H. Steyn, R. Bosman. H.van ZYL*
*DAMES, STAANDE: Mevv. L. Holmes, L. de Oude, A. Anderson, S. Venter.*
*MANS: P. van der Merwe, W.F. van Reenen, H.W. Venter.*
*AFWESIG: L. Zietsman.*

Nog 'n laaste pos verdien vermelding — die werkers wat die kerk en ander geboue week na week skoonmaak en ook na die ander gronde omsien. Die eerste swartman om op die gronde by Queenswood te werk, het die naam Lot gedra. Hy is egter op 30 September 1962 ontslaan en in sy plek is Solomon aangestel wat sedertdien nog altyd hierdie arbeid verrig. Solomon woon op die

kerkgronde en het intussen 'n helper met die naam Amos, bygekry. Ook hulle verdien ons dank en waardering.



**AMPTENARE VAN DIE GEMEENTE**

*Agter: Mnre. W.S. du Plessis (vorige kassier), N. Jacobs (vorige hulp* kassier), R.Mathlener (orrelis).
*VOOR: Mnre. F. Buys (koster en vorige scriba), P. Basson (saakgelastigde).*
*INLAS: Mev. C. Swart (tikster).*

En so het ons aan die einde gekom van 'n terugblik op die ontstaansgeskiedenis van die gemeente waartydens ons ook kennis gemaak het met die groei en ontwikkeling gedurende die afgelope tien jaar. Ons kyk terug en dank, ons kyk op en prys, ons kyk vorentoe en vertrou. Ja, 'n dankbare gemeente vereenselwig hom met die dankgedig wat deur mev. A. Linde (ds. Linde se eggenote), as weninskrywing bekroon is by geleentheid van ons gemeente se vyf-jarige bestaan. Enkele wysigings is aangebring om dit van toepassing op die eerste tien jaar te maak.



*Hierdie jong gemeente*
*het U, o Heer, gelei*
*vanaf die wordingsdatum*
*tot nou — U staan ons by.*

*Ons dank U vir die leraars*
*en vroue ons gegee.*
*Hul voorbeeld, werk en ywer*
*het ons soos een gesmee,*
*om U te dien en and're*
*te help in nood en smart.*
*'n Gemeente bou — U opdrag!*
*'n Gemeente na U hart.*

*Die erediens, hoe lieflik*
*waar ons Uself gewaar,*
*in lofsang en aanbidding*
*rondom U Woord geskaar.*
*Dit bly vir ons 'n bron, Heer,*
*van lig en troos en krag.*
*Verkwik ons in die stryd hier,*
*vermaan teen Satans mag.*

*Die biduur is 'n kragbron,*
*U beloftes staan nog vas.*
*Gee getrouheid in gebed, Heer,*
*skenk ons 'n sielelas.*

*Ons dank U vir versorging*
*van dierb're kinders klein*
*in Sondagskool en Kinderkrans.*
*O maak hul hartjies rein.*

*Ons jeug, die kerk van môre*
*is kosbaar vir U, Heer,*
*bewaar hul rein en heilig*
*in wandel tot U eer.*

*Nie om gedien te word nie*
*maar om te dien, o Heer,*
*is die leuse van ons susters*
*in hul liefdesdiens so teer.*
*Ywerig in hul wyke*
*snoer hul die lede saam*
*in opbou van gemeente*
*en grootmaak van U Naam.*

*Ons dank U vir die sending,*
*vir vroue wat getrou*
*hul offers bring en bede,*
*U ryk steeds uit te bou.*
*Skenk warme sendingharte*
*aan al ons lede, Heer,*
*dat donker heidenharte*
*hul tot U lig bekeer.*

*Ons dank U vir die kerkraad*
*wat leiding gee daar voor,*
*vir scriba, koster en kassier*
*vir orrelis en koor.*

*Vir tien jaar van seën*
*ontvang ons dank en lof.*
*Ons wy ons aan U diens, Heer,*
*vir nog 'n verd're skof.*

---oOo---